

8 November 1 Korintiërs 12:12-31; (Teks: 12:12)

Ek in my klein hoekie?

In Amerika is daar 'n Inry-kerk". Jy ry met jou motor tot binne-in die "kerk" en bly sit in jou motor terwyl jy oor 'n luidspreker luister na die prediker. Dit is baie soos by 'n inryteater - elkeen op sy eie, afgesonderde eilandjie!

Dit mag gerieflik en gemaklik wees, maar strook nie eintlik met die Bybel se beskrywing van die kerk nie. Die kerk is 'n *gemeenskap* van gelowiges, 'n liggaam waarvan al die dele 'n eenheid vorm. Ons het een Hoof, Jesus Christus, een Heilige Gees wat in elkeen van ons woon en een Vader.

Hierdie "liggaamlikheid" of gemeenskaplikheid van die kerk, is uiters belangrik. Want daarin is ons juis anders as die wêreld. In die wêreld is dit elkeen vir homself, is selfsug dikwels die oorheersende "wet van die lewe." In die kerk geld die teenoorgestelde, is dit elkeen vir die ander. Jy moenie net aan jou eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander (Fil. 2:4).

Ons is verskillend en tog het elkeen sy/haar plek en is elkeen nodig. Ons is daar vir die ander. Moet dus nie so eenkant in jou eie klein hoekie bly nie, maar kruip uit!

Sing: Psalm 133:1, 2

Ds. C.G. van der Merwe (Vereeniging '95)